

Wat gebeur as die Beskermingsbevel verbreek word?

Indien die Respondent die Beskermingsbevel verbreek deur met die fisiese of verbale mishandeling (soos aan die begin van hierdie gids beskryf) teenoor jou meë voortgaan, kan jy 'n klagte by die polisiestasie indien en die Laasbrief vir inhegtenisname aan die polisie oorhandig, wat die Respondent dan sal arresteer wanneer die omstandighede dit toelaat.



Wanneer die Respondent gearresteer word sal hy/sy gekonfronteer word met 'n kriminele klag en sal verhoor word in 'n Kriminele Hof vir die verbreking van die Beskermingsbevel.

Onthou egter dat indien die Hof bevind dat die Laasbrief vir inhegtenisname kwaadwillig gebruik word (soos om die Respondent te laat arresteer sonder enige gegronde rede), kan jy vervolgt word kragtens die Wet. Die Respondent sal in die Strafhof verskyn om verhoor te word onder die Kriminele Klag vir die verbreking van die bepalings van die Beskermingsbevel wat teen hom/haar beteken is.

Kan die Kriminele Klag teruggetrek word?

Indien die Respondent alreeds gearresteer is vir die verbreking van die Beskermingsbevel, kan die Applikant nie meer besluit om die klag terug te trek nie. Dit is die uitsluitlike goeddunke van die Senior Openbare Vervolger om 'n klag terug te trek.



Kan ek die bevel tersyde stel?

Jy kan ter eniger tyd 'n aansoek indien om die Bevel ter syde te stel. Dit lê egter met die Landdros se goeddunke of so 'n Bevel ter syde gestel sal word al dan nie. Dit beteken dan dat die Beskermingsbevel nietig verklaar word.

Dit is belangrik om te let dat die finale beslissing of 'n Beskerimsbevel tersyde gestel sal word of nie by die Landdros in die geregshof lê.

Vir meer inligting, skakel asseblief die volgende:

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling
Hoofdirektoraat: Promosie van die Regte van Weerlose Groepe
Tel.: (012) 315 1856/4
Faks: (012) 315 1851
www.justice.gov.za

BEÏNDIG GESINSGEWELD



Wat jy moet weet!

Beëindig Gesinsgeweld!

Die **Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998** stel 'n slagoffer van gesins-mishandeling of -geweld daartoe in staat te stel om aansoek te doen om 'n **Beskermingsbevel** te verkry vanaf die Landroshof teen die persoon wat hierdie **mishandeling pleeg**. Die doelwit van hierdie gids is om **aan die slagoffer van sulke geweld die inligting te verskaf** wat hy of sy sal benodig aangaande die aansoek om so 'n Beskermingsbevel te verkry in terme van die Wet op Gesinsgeweld. Beide mans en vroue kan enersyds beide die skuldige of die slagoffer wees van gesinsgeweld. Vir die doelwit van hierdie Gids beskryf ons egter die **geweld teenoor vroue** aangesien dit is wat meer **algemeen voorkom**.

Aansoek om 'n Beskermingsbevel

1. Enige Applikant mag om die voorgeskrewe manier by die hof aansoek doen om 'n Beskermingsbevel.
2. Die aansoek mag ook gebring word deur enige 'n ander persoon wat 'n materiele belang het met die welstand die Applikant, byvoorbeeld 'n Onderwyser of 'n Maatskaplikke werker.
3. Enige minderjarige, of persoon ter wille van 'n minderjarige, mag aansoek doen om 'n Beskermingsbevel.
4. Die aansoek mag ook 'in kamera' gehoor word en die applikant/beskuldigte is ook in staat om tot nie meer as drie mense nie saam te bring ter ondersteuning.
5. Die Beskermingsbevel is lewenslank geldig en bekrachtigbaar regoor die Republiek.

Teenoor wie mag jy beskerming aanvra?

1. Die persoon met wie jy getroud mag wees, of was, hetsy deur burgerlike of gewoontereg;
2. Jou genoot (hetsy van dieselfde of teenoorgestelde geslag) wat met jou saamwoon of saam gewoon het maar waarmee jy nie getroud is nie (wanneer, byvoorbeeld, een van julle alreeds getroud is met 'n ander persoon);
3. Die ander ouer van jou kind of 'n persoon waarvan die ouerlike pligte van 'n kind gedeel word.
4. Mense wat aan jou verwant is hetsy deur middel van bloedverwantskap, huwelik of aaneming.
5. 'n Persoon waarmee jy betrokke was in 'n verlowing, gebruikelikheids- of uitgaantipe verhouding, insluitende 'n werklike of veronderstelde romanties, intieme of seksuele verhouding van enige tydskuur ookal; en
6. 'n Persoon waarmee jy huidiglik of onlangs dieselfde woning gedeel het.

NUTTIGE NOMMERS

People Opposing Women Abuse (POWA)	011-642 4345
Suid Afrikaanse Menseregtekommissie	011-484 8300
LIFELINE	011-728 1347 / 0861 322 322
Kommissie vir Geslagsgelykheid (CGE)	011-403 7182
Onafhanklike Klagtesdirektoraat (ICD)	012-320 0431
Suid Afrikaanse Polisie diens (SAP)	10111
Stop Women Abuse	0800 150 150
Childline	011-938 8745
FAMSA Nasionaal	011-833 2057

Die saak kan uitgestel word tot 'n latere datum vir verhoor. Die Klerk van die Hof sal jou help of jou na iemand verwys wat jou behulpsaam sal wees met die opstel van 'n antwoord.

Op die datum van die verhoor sal die Landdros 'n beslissing vel wat gebaseer is op die Beëdigte Verklaring wat deur albei partye ingedien is. Die Landdros kan een of albei van julle versoek om sekere aangeleenthede op te klaar. Die Landdros kan besluit om die Bevel te bekrachtig, die bevel tersyde te stel of om te gelas dat verbale getuie nis aangehoor moet word.

Indien die Respondent versuim om by die Siviele Verhoor te verskyn, en jy bewyse kan verskaf dat die Beskermingsbevel wel aan hom beteken is (die Relas van Betekening), sal die Landdros die bevel bekrachtig.



Indien die Landdros tevrede is dat die Beëdigte Verklaring wat deur die applikant opgestel is duidelik bevestig dat mishandeling plaasgevind het, sal die Landdros die Beskermingsbevel bekrachtig.

Sal daar 'n Verhoor wees?

Indien die Landdros nie tydens die verhoor daartoe in staat is om 'n beslissing te bereik nie as gevolg van feitlike teenstrydighede tussen jou weergawe en dié van die Respondent, byvoorbeeld indien daar 'n geskilpunt is met die inligting wat deur albei partye voorsien is, sal die Landdros die saak vir verhoor uitstel.

Tydens die verhoor sa albei partye verplig wees om verbale getuie nis onder eed te lewer en om deur die ander party onder kruisverhoor geneem te word. Die respondent word egter net toegelaat om applikant vrae te vra d.m.v. sy prokureur of Landdros. Albei partye sal toegelaat word om getuies op te roep en enige ander getuie nis wat hulle mag hê om hulle saak te bewys, te lewer, byvoorbeeld mediese sertifikate, hospitaal rekords, fotos, dokumente, ens.



Onthou dat kragtens die wet die Polisie jou behulpsaam moet wees op welke manier ook al in die Hofbevel gestipuleer word, byvoorbeeld wat betref die afhaal van persoonlike besittings, jou Identiteitsdokument, kinders se boeke of klere, ens. Indien jy vind dat die polisiebeampte onbeulpsaam is en weier om sy samewerking te gee in terme van die Hofbevel, kan jy dit aan die Onafhanklike Klagtesdirektoraat rapporteer.

Let ook daarop dat dit **nie die plig van die Polisie** is om jou behulpsaam te wees met die **verwydering van meubels, rekenaars, breekgoed, ens.** nie.

Wat is die Keerderdatum?

Die keerderdatum is die datum wat vasgestel is om die Hof die geleentheid te bied om die Respondent aan te hoor voordat die Beskermings Bevel bekragtig word.

Wat gebeur op die Keerderdatum?

Die Respondent het die geleentheid om in die teenwoordigheid van die Applikant sy/haar kant van die saak aan die Landdros te stel. Die Respondent sal 'n bestrede Beëdigte Verklaring indien of die geleentheid aanvra om 'n bestrede Beëdigte Verklaring in te dien. Hierdie dokumente sal aan jou beteken word. Jy sal dan die geleentheid gegun word om 'n antwoord in te dien.

Sal die Respondent gearresteer word met die Beskermingsbevel?

Die Respondent sal nie gearresteer word tydens die betekening van die Beskermingsbevel nie. Dit is slegs wanneer die bepalings van die bevel gebreek word dat die Respondent gearresteer mag word.

Wat is Minagting Van Die Hof?

Dit is wanneer die Responde wie die bevel verbreek het, versuim het om in die Strafhof te verskyn om op die aanklagte teen hom te pleit.

Wat is die verbreking van die Beskermingsbevel?

Dit is wanneer die Respondent versuim om te voldoen aan die bepalings van die bevel. Met ander woorde as hy voortgaan met die onregmatige gedrag soos verbied is om te herhaal deur die Beskermingsbevel wat beteken is.



Wat is Gesinsgeweld?



- Fisiese mishandeling



- Teistering



- Seksuele Mishandeling



- Agtervolging of ongevraagde betreding van die applikant se eiendom waar die onderskeie partye nie dieselfde woning deel nie.



- Emosionele, verbale en geestelike mishandeling



- Die beskadiging van eiendom of ander persoonlike besittings.



- Finansiële mishandeling



- Enige ander oorheersende of mishandelende gedrag waar sulke gedrag die applikant leed, of waarskynlike leed ten opsigte van haar of haar gesin se veiligheid, gesondheid en welstand kan meebring.



- Intimidasie

Beide **Mans en Vrouens** kan skuldig, of die slagoffers, wees van/aan Gesinsgeweld.

Wat moet ek doen?

Indien jy die slagoffer is van enige van die bogenoemde forms van gesinsgeweld kan jy die plaaslike Landroshof nader waar jy om hulp kan vra wat die aansoek vir 'n Beskermingsbevel betref. Die Klerk van die Hof sal jou dan behulpsaam wees aangaande die invul van die nodige forms en om jou voor 'n Landdros te bring wie sal bepaal of 'n Bevel toegestaan sal word of nie. Die besonderhede van die diensverskaffers wat jou van hulp en advies kan wees aangaande hierdie word aan die begin van hierdie Gids verskaf.

Onthou dat hierdie diens 24 uur 'n dag beskikbaar is in noodgevalle.



Die Klerk van die Hof sal jou behulpsaam wees met die invul van die nodige forms en om jou voor 'n Landdros te bring.

Watter Hof moet ek nader?



Nader die naaste Hof aan waar jy woon of werk. Indien die geweld jou verplig om jou woning te verlaat vir tydelike heenkome iewers anders mag jy dan die naaste Hof aan jou tydelike verblyf nader.

Wat is 'n Beëdigte Verklaring?

'n Beëdigte Verklaring is een wat onder eed afgele is. Dit beteken dat die betrokke persoon sweer dat die inhoud die waarheid is en daarvan bewus is dat dat hy/sy vervolgt kan word indien dit bevind word dat die Verklaring (of gedeeltes daarvan) onwaar is. Dit is 'n oortreding om 'n valse verklaring in 'n Geregshof af te lê.

Wat sal die tussentydse Beskermingsbevel verklaar?

- Die tussentydse Beskermingsbevel sal die Respondent (die persoon wat beskuldig word van die mishandeling pleeg) versoek om jou nie meer op die betrokke manier met betrekking tot die Beëdigte Verklaring se beweerde mishandeling te mishandel nie.
- Die Respondent mag beveel word om nie jou of jou kinders fisies of verbaal te mishandel nie.
- In besondere gevalle mag die Landdros dit geskik ag om die Respondent toegang tot die gedeelde woning, of gedeeltes daarvan, te verbied.
- Indien die kinders slagoffers van die mishandeling is, kan die Hof die Respondent se kontak met hulle verminder of ophef.
- Die Hof mag 'n bevel las vir nood finansiële bystand. Dit beteken dat die onkoste wat bewys kan word as wat direk voortspuit as gevolg van die mishandeling, soos byvoorbeeld mediese onkoste asook alternatiewe verblyf, van die Hof versoek kan word tot oorweging.
- Die Hof mag die polisie gelas om beslag te lê op die Respondent se vuurwapen indien hy/sy jou lewe bedreig het.

Die Hof maak ten volle staat op die inhoud van die beëdigde verklaring wat jy opstel en indien tydens jou aansoek, om die aard van jou bepaalde mishandeling te begryp. Die Hof moet dus voorsien word van alle relevante informasie in die Beëdigte Verklaring, byvoorbeeld besonderhede van die gevalle van mishandeling, datums asook die aard van die mees onlagse insident.

Jy mag **nie Onderhoudsgeld van die Gesinshof eis nie**. Dit moet **deur die Onderhoudshof** gedoen word.

Wat doen ek met die tussentydse Beskermingsbevel?

Die tussentydse Beskermingsbevel moet so gou as moontlik aan die Respondent beteken word. Jy mag nie persoonlik die Bevel aan die Respondent oorhandig nie aangesien dit nie behoorlike betekening sal beteken nie. Met ander woorde dit kan slegs geskiet deur middel van iemand in 'n amptelike hoedanigheid soos o.a. 'n Polisiebeampte, Balju of 'n Klerk van die Hof.



Die tussentydse Beskermingsbevel moet na die Kantoor van die Balju of na die naaste polisie stasie aan die verblyf of werks-adres van die Respondent geneem word. By die polisiestasie **onthou asseblief om die naam en/of kentekennommer van die polisiebeampte aan wie die bevel oorhandig word neer te skryf**. Dit sal jou in staat stel om die Bevel weer maklik op te spoor op 'n latere stadium. Die meeste polisiestasies sal 'n aangewese beampte hê wat sake aangaande gesinsgeweld hanteer.

Reël met die Polisiebeampte om die Relas van Betekening (Bewys van Betekening) af te haal. Dit dien as bewys dat die tussentydse Beskermingsbevel aan die Respondent beteken is en dat hy/sy dit persoonlik ontvang het. Die relas van betekening moet kortliks aan die Klerk van die Hof ingedien word.